**2 Junie** **Skrifgedeelte: Johannes 17:1-11**
**Fokusgedeelte: Johannes 17:3**

## Hoor daar, Jesus bid vir ons!

Hierdie gedeelte staan bekend as Jesus se hoëpriesterlike gebed. Dit was deel van die amp van die hoëpriester om vir die volk/gemeente/gelowige by God in te tree, dit wil sê om voorspraak te doen. Wat Jesus die aand voor sy dood in hierdie gebed gedoen het, het Hy gaan voortsit na sy hemelvaart aan die regterhand van die Vader. Daar pleit Hy vir ons in ons naam voor sy Vader.

Hierdie is 'n heerlikheidsposisie van ons Here Jesus Christus – Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisédek, aan die regterhand van die Vader. Waar Jesus nou dáár sy Vader verheerlik, het die Vader dus reeds sy gebed verhoor om Hom, Jesus, te verheerlik, maar die Vader het ook Jesus se gebed verhoor om aan ons, almal wat die Vader Hom gegee het, die ewige lewe te gee. Sy werk op aarde is afgehandel om nou in die hemel voort te sit – om vir ons te pleit, om ons van daar af die ewige lewe te gee, om ons te bewaar en eenmaal te verheerlik.

*Sing: Psalm 123:1, 2* *Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*